

Persverklaring

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

AGT FINALISTE VIR AUTOMECHANIKA SA SE INNOVERINGSPRYS

Die paneel beoordelaars vir Automechanika Suid-Afrika se heel eerste Innoveringstoekennings vir nuwighede het die oorspronklike 24 inskrywings tot agt finaliste uitgedun, en die wenner sal Woensdag 18 Maart 2009 by die skou se openingsgeselligheid by die Expo-sentrum in Nasrec aangewys word. Die finaliste se inskrywings sal in 'n spesiale afdeling van die uitstalruimte van die kleinhandelmotorbedryforganisasie (RMI) te sien wees.

Die doel van die toekenning is om produkte ten toon te stel wat as baanbrekerprodukte in Suid-Afrika se voertuig-naverkopemark beskou word – en die wenner en finaliste met gefokusde blootstelling by Automechanika SA, deur media-dekking en deur die oorhandiging van sertifikate te beloon.

'n Jurie van agt mense bestaande uit kenners in die naverkopemark en die bedryf, motorjoernaliste en standarde-owerhede het die produkte ontleed op die gebied van ontwerp, ingenieursontwikkeling, verwagte ekonomiese en omgewingsdoeltreffendheid, gebruikersvoordeel, veiligheid, gehalte en hul betrekking op en nut vir die naverkopemark.

Die inskrywings het 'n uiteenlopende verskeidenheid behels en die paneel het die beoordelingsproses uiters moeilik gevind, het Wynter Murdoch, die redakteur van die RMI se maandelikse tydskrif, *Automobil*, wat die inskrywings- en beoordelingsprosesse bestuur het, gesê.

'n Alkohol-aseytoets-toestel wat ontwerp is om 'n bestuurder wat die beperking oorskry het te verhinder om sy voertuig se enjin aan te skakel; universele lambda-sensors wat op elke gebied identies aan die oorspronklikes is; 'n masjien wat ontwerp is om verskillende soorte en diktes metale wat in voertuie gebruik word, aanmekaar te sweis; 'n toetsapparaat om die bedradingsharnas vir 'n trekstang na te gaan; ruitveërlemme; 'n uitlaatgasontleder; nuwe tegnologie vir vragmotorbande en 'n mobiele diagnostiese apparaat is die produkte wat as finaliste vir die heel eerste Automechanika SA-innoveringstoekennings gekies is.

Die agt finaliste is:

Bosch Aerotwin-ruitveërlemme: 'n Nuwe generasie ruitveërlemme, wat gekenmerk word deur hul uiters plat stilering, sonder enige lasplekke of hakies. Dié ruitveërs bied glo uiters doeltreffende en tjoepstil werking, selfs teen hoë snelhede.

Bosch, wat dié ruitveërlemme as standaard-toerusting voorsien vir voertuie van Alfa Romeo, Audi, BMW, Citroën, Fiat, Ford, Honda, Lamborghini, Maybach, Mercedes-Benz, Peugeot, Renault, Volvo en Volkswagen, het ook 'n Aerotrim-naverkopereeks vir motors wat gewone ruitveërs het. Sowat 80 ouermodel-passasiersmotors kan nou met die gebruik van 'n Quick-Clip-passtuk van dié stelsel voorsien word.

Goodyear Max-tegnologie vir vragmotorbande: Goodyear maak daarop aanspraak dat sy Max Tyre-tegnologie tasbare kostebesparings en beter vlootdoeltreffendheid vir vragmotoreienaars bied, sowel as groter veiligheid, beter verrigting en meer gemak vir vragmotorbestuurders, terwyl dit op die gebied van omgewingsoorwegings ook 'n aansienlike besparing in brandstofverbruik, laer uitlaatbesoedeling en minder rommel bied.

Laer rolweerstand, beter remvermoë in nat toestande, minder geraasbesoedeling, beter bedryfsdoeltreffendheid, groter laaivermoë en 'n langer bande-leeftyd is van die aansprake wat vir die maatskappy se langafstand-reeks Marathon LHS II (langafstand-stuur) en LHD II (langafstand-aangedrewe) vragmotorbande gemaak word, wat vlote help om koste per kilometer te beperk en die beste ekonomiese en ekologiese doeltreffendheid te help bewerkstellig.

Die Regional RHS II (streekafstand-stuur) en Regional RHD II (streekafstand-aangedrewe) bande-reeks – wat op die grootste deel van Suid-Afrika se vragmotorbandemark gemik word – bied blykbaar 'n vermenging van nuwe, slim ontwerp en vervaardigingseienskappe wat tot 'n beperkte koste per kilometer, groter duursaamheid en verhoogde verrigting lei.

Beide bandereekse gebruik Duraseal-tegnologie, wat 'n lekplek in 'n band vanself herstel en dit bruikbaar laat bly totdat dit tyd is om die band te laat hersool. Die gevolg is minder staantyd en minder ongelukke.

Bosch-uitlaatgas-ontleder: 'n Nuwe BEA 460-uitlaatgas-ontleder, wat by Automechanika SA bekend gestel sal word, is draagbaar, neem net 'n klein rukkie om op te stel en is beskikbaar met modules vir petrol- of diesel-gebruik.

Automechanika South Africa, 18 - 21 Maart 2009

Dié stewige, sterk viergas-eenhede wat vir vinnige en mobiele gebruik deur werkswinkels ontwerp is, weeg minder as 15kg, wat die sensors en enjinmeet-toerusting insluit. Dit word beheer deur ESA-sagteware wat glo ontwerp is om gebruikers op só wyse deur die toets te neem dat tyd en geld bespaar word.

Volgens Bosch maak die hoë meet-akkuraatheid en duursame gas-ontleders die BEA 460 baie ekonomies om te gebruik. Die eenheid kan self versien word. Die viergas-uitlaatgas-ontleder bepaal die HC, CO, CO₂ en O₂-uitlaatkomponente vir voertuie met petrolenjins, en kan ook uitgebrei word om NO te meet sowel as spoed en enjintemperatuur aan te teken.

Die RTM 430-rooktroebelheidstoestel, wat deel van die stelsel is, maak dit moontlik om uitlaatgas-ontleding van dieselvoertuie te doen. Die Bosch BEA 460 kan ook met die gebruik van 'n diagnostiese KTS 5xx-reeks-beheereenheid ingespan word om uitlaattoetse op voertuie met ingeboude diagnostiese stelsels (OBD) te doen.

High Tech-trekstang-bedradingsharnas-toetsapparaat: High-Tech se trekstang-bedradingsok-toetsapparaat gebruik kabellose kommunikasie tussen die sok en die ontvangpunt om te bepaal watter bedrading is korrek, wat tydwende fisiese toetse sowel as die behoefte aan bykomende mannekrag uitskakel.

Dit bespaar koste en bevorder padveiligheid deur te verseker dat die bedrading vir sleepwaens reg gedoen is. Die sender is selfaangedrewe deur middel van 'n herlaaibare battery, wat ook 'n omgewingsvoordeel beteken. Die toestel is op die trekstangmonteringsbedryf sowel as die padveiligheidssektor gemik, en word geag goeie waarde vir geld te wees.

Fronius CTM-sweisemasjien: Bohler Uddeholm Africa verskaf die Fronius-fabriek sweisemasjiene aan Suid-Afrika se nywerheidsmark, wat die motorbedryf insluit. Fronius het 'n slim, nuwe masjien ontwikkel en gepatenteer – die masjien kan verskillende soorte metaal, waaronder aluminium en staal, van plate wat net 0,3mm dik is, deur 'n kouemetaal-oordragproses aanmekaarsweis.

Die masjien, wat as rewolusionêr beskou word, kan vir voertuigproduksie aan 'n robot geheg word en ook as masjien wat met die hand gewerk word, vir die naverkopemark en paneelkloppers gebruik word. Die masjien lewer 'n sweislas wat sterk, veilig en spatselvry is, wat koste verminder deurdat herafwerking ná die sweiswerk uitgeskakel word. Die kouemetaal-oordragproses skakel ook metaalvorming weens hitte-oordrag uit. Die masjien is blykbaar baie maklik om met die hand te gebruik.

Automechanika South Africa, 18 - 21 Maart 2009

Bosch KTS 340 kompakte diagnostiese beheereenheid-toetsapparaat vir mobiele egbruik: Dié toetstoestel, wat as kompak, volledig en geheel en al mobiel beskryf word, weeg net 2kg, werk sonder hoofkrag-toevoer en gebruik AA-tipe batterye wat in 'n motor met die gebruik van 'n 12V-herlaaiër in die sigaretaanstekersok herlaai kan word. Dit werk ook deur 'n diagnostiese sok, of terug by die werkwinkel met gewone krag.

Benewens sy diagnostiese beheereenheid-werking, is alle inligting vir die Esitronic-werkswinkelsagtewarepakket wat nodig is vir foutopsporing, instandhouding en versiening by die pakket ingesluit.

Bosch maak daarop aanspraak dat die werkwinkel se tegnikus alles wat hy of sy vir diagnose, foutopsporing, instandhouding en versiening nodig het, binne vingerpunt-bereik het. Die sagteware, wat deur 'n raakskerm beheer word, is aangepas om dit makliker maak om te gebruik, wat regstreekse toegang tot die diagnostiese werking van die foutliggingsinstruksies of die instandhoudingskedule moontlik maak.

PFK Alcohol Interlock: Die Durbanse maatskappy PFK Electronics sal sy Autowatch TAB by Automechanika SA bekend stel. Dit is 'n immobiliseerder wat op 'n alkohol-aseytoets gegrond is en bestuurders wat die wetlik toegelate alkoholvlak oorskry, verhinder om sy of haar motor se enjin aan te skakel.

Die Alcohol Interlock-blokkeringstelsel (AIB) bestaan uit twee dele – die aseytoetseenheid en die immobiliseerder, wat geaktiveer word as die bestuurder se aseytoets bepaal dat hy of sy die wetlike alkohol-perk oorskry. Die werklike alkohol-inhoud, datum en tyd van die toets word in die eenheid geberg en kan later deur die vlootbestuurder herwin word of deur middel van 'n selfoonnetwerk oombliklik na 'n beheersentrum herlei word.

Die werklike alkohol-perk word vooraf by die fabriek gestel aangesien die toegelate alkoholvlak van land tot land verskil. Tot 10 000 voorbeelde kan aangeteken word, en dié data kan 'n akkurate geskiedenis en profiel van 'n bestuurder se drinkgewoontes weerspieël. Dit word beskryf as 'n bruikbare toestel vir bestuurdersgedrag.

Bosch Universal-lambda-sensors: Lambda-sensors, wat in die uitlaatgasvloeiroom van binnebrand-enjins aangebring word, bepaal die suurstofinhoud in uitlate en herlei inligting na brandstofinspuitstelsels om akkurate enjinbeheer te verseker.

Bladsy 5

Automechanika South Africa, 18 - 21 Maart 2009

Motorvervaardigers gebruik die korrekte lambda-sensor vir elke enjin vir die presiese ontleding van die uitlaatgas-samestelling, wat beteken 'n magdom lambda-sensors is beskikbaar. As 'n lambda-sensor in die werkwinkel vervang moet word, moet die vervangingsonderdeel op presies dieselfde wyse as die oorspronklike werk.

Die Bosch-onderdele-produkreeks voldoen blykbaar ten volle aan hierdie vereiste: nagenoeg 1 000 verskillende sensors wat aan die vereistes van die oorspronklike vervaardiger voldoen, is reeds beskikbaar en is op elke denkbare wyse identies aan die oorspronklikes.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za